15 Maart 2026

# HEIDEKOPPIE NUUS

HEIDEKOPPIE
*Die Gemeente met Oop Deure*

## BELEEF BEHOORT BEDIEN



"Christus is ons Hoof.

Die kerk is soos 'n liggaam wat baie dele het, die dele is almal vas aan mekaar.

Elke deel van die liggaam werk saam en help die liggaam om te groei en sterker te word.
So laat Christus die kerk groei en sterker word.

Dit gebeur wanneer ons lief is vir mekaar en vir mekaar help."

Ef 4:16

# EREDIENSTE

**VANDAG**

Vyfde Lydensweek

Deuroffers: Paarlskool

Ds Anton

*Geroep om te dien*

Kol 3:15-17 1 Kor 12:4-7
1 Pet 4:10-11 Ef 4:15-16

**08:30**

Kontemporêre Diens

Bababediening, Kinderkerke, Space

**10:15**

Klassieke Diens

**10:30**

Belydenisklas

**19:00**

Open Door Sundays

Gert Roberts

*Pay it Forward with Gratitude*

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| 19:00 BR vergadering | 08:30 Soepel Seniors | 05:45 Manna vir Manne<br>10:00 Klaradyn Byeenkoms | 08:30 Soepel Seniors<br>09:00 Gebedsgroep<br>10:00 Bybelstudiegroep<br>19:00 Young Adults | 16:00 Racham<br><br>18:00 Prosesspan beplanning | MENSEREGTE-DAG<br><br>08:00 Prosesspan beplanning |
| Ma | Di | Woe | Do | Vry | Sa |

Gemeente met Oop Deure I H.v. Protea- en Stasieweg, Brackenfell I 021 981 2690
admin@heidekoppie.com I www.heidekoppie.com I www.facebook.com/Heidekoppie
https://www.youtube.com/user/heidekoppie /
https://www.instagram.com/heidekoppiegemeentemetoopdeure/

Leraar: Ds Anton Roux 083 504 2613 I ants@heidekoppie.com
Jeugwerker: Adam Barker 074 172 9187 I adam@heidekoppie.com




## VERJAARSDAE

*Baie geluk aan die volgende persone, 70 jaar en ouer, wat verjaar!*

**MAART**
**15**: Marietjie Senekal
**16**: Susie Barnard, Elk Matthee
**18**: Maans Spamer, Giel van Jaarsveld
**19**: Miemie Grobler
**20**: Arthur Beyer (80jr), Magda Bothma, Nick Sutherland, Peet van Zyl

*Adam het hierdie naweek 'n afnaweek.*

SnapScan

Snap here to pay

E-skakel:
https://pos.snapscan.io/qr/Uk4Z6AES

BANKBESONDERHEDE:
NG Kerk Heidekoppie, Absa Brackenfell
Universele Kode: 632005
Tjekrekening nr 145 058 0674




## VROUEKUIER

Dames!
Moeg na die kwartaal?
Sluit die kwartaal af met 'n gesellige GRATIS saamkuier, 'n praatjie en verversings.
NB Bespreking noodsaaklik.
Bespreek jou plek by Lucindia by 078 110 7198.



*"God het aan elkeen van julle uitsonderlike talente gegee.*

*Moenie dink dit is julle wat so goed is nie.*

*Nee, dit is God wat eintlik so goed vir julle is.*

*Daarom moet julle julle talente gebruik om ander te help."*

1 Petrus 4:10

# DIE DOELGERIGTE LEWE

*'n Geestelike reis van 40 dae om die sin en doel van jou bestaan te ontdek.*



Tydens Pinkster (in Meimaand) begin ons met die reeks "Die Doelgerigte Lewe".
Na afloop van Pinkster gaan ons steeds op Sondagoggende en Woensdagaande daarmee voort.



Woensdagaande se byeenkomste gaan in die onderste saal plaasvind met klein groepies mense om tafels (soos by Alpha).

Daar is 'n aanbieder wat die aand lei en dan is daar ook besprekings in die kleingroepe.

Elke tafel het 'n tafelleier.



Wanneer die reeks voltooi is, wil ons steeds met omgeegroepe voortgaan en ons wil die belangstelling toets van gemeentelede om by omgeegroepe aan te sluit.



Ons wil ook moontlike omgeegroep**leiers** identifiseer wat kan leiding neem tydens 40-dae, asook kan voortgaan as omgeegroepleiers daarna.



Neem 'n vraelys in die voorportaal en voltooi asb. DANKIE!
English questionnaires also available.

# OMGEEGROEPE

# BEHOORT, BELEEF, BEDIEN




As Die Gemeente met Oop Deure
wil ons
'n *verwelkomende* en *liefdevolle omgee* gemeenskap wees
waar mense wat op weg is op hulle lewensreis,
KAN TUISKOM EN SAAM KAN GROEI EN DIEN
in navolging van Jesus.

ONS IDENTITEIT




LOFLIED

loof god wat was wat is wat kom
loof eng'le aarde maan en son
ons almal is gemaak deur hom
loof hom ons maker en ons bron
loof god vir sy genade groot
loof hom die heerser oor die dood
hy ken my sonde en my nood
sy kruis laat my aan hom behoort
loof hom wat alles kom genees
loof hom wat ewig god sal wees
loof hom wat kom en ewig heers
loof vader seun en heil'ge gees

Koos van der Merwe



Dames van die Racham Bediening het die vorige Vrydag 6 Maart, tussen die pakkies pak deur, tyd gemaak om saam te bid op Wêreldbiddag vir Vroue.

# IN DIE OMGEWING




E-UNI: LEES DIE BYBEL MET NUWE OË.

Baie mense lees die Bybel getrou, maar hulle sukkel om die groter prentjie raak te sien. Party gedeeltes voel net te ingewikkeld. Ander verse word vinnig gelees sonder dat dit werklik insink. Of dit is te moeilik. Of te onverstaanbaar.

eUni is 'n aanlyn teologiese platform wat jou begelei om die Bybel duidelik, gestruktureerd en met selfvertroue te lees.

eUni is ontwerp vir gewone mense met 'n buitengewone belangstelling in die Bybel. Jy hoef nie 'n teologiegraad te hê nie. Jy hoef nie klasse by te woon nie. Hier leer jy op jou tyd, in jou eie ruimte en teen jou eie tempo.

Die eerste drie jaar van eUni word aangebied deur Prof. Stephan Joubert, Dr. Roedolf Botha en Dr. Pierre Engelbrecht.

As jy al ooit gewens het jy kon 'n Bybelboek of gedeeltes in die Bybel beter verstaan, of meer seker wees oor wat jy lees, is eUni 'n praktiese volgende stap.

Kostes beloop R400 per kwartaal, of jy kan eenmalig R1600 betaal vir die volle jaar se materiaal.

Meer inligting en registrasie hier: https://euni.co.za/




## WERK GESOEK

Jong dame van Brackenfell met gasvryheidsopleiding en ervaring in gastehuisbestuur asook verkope, is op soek na 'n betrekking. Besit bestuurslisiensie asook vlak 1 noodhulp en brandbestryding. Kontak die kerkkantoor.




"...want as
lede van een liggaam
is julle
tot vrede geroep."
Kol 3:15

GRIEFSHARE:
"LOSS OF A PARENT" SEMINAAR

Die een dag Griefshare seminaar vind plaas op Woensdag 22 April 2026.

Die bywoningstyd is vanaf 18:00 tot 19:30.

'n Bekendstelling / oriëntasie t.o.v. die seminaar vind plaas te La Rochelle Gemeente op 12 April direk na afloop van die oggenddiens.

## BID VIR DIE GEMEENTE

Vandag bid ons vir geestelike beskerming en die teenwoordigheid van God.

Bid vir goddelike beskerming teen geestelike aanvalle soos bv verdeeldheid, moedeloosheid, hoogmoed en leuens.

Bid vir die teenwoordigheid van God by elke erediens, dienswerk en vergadering. Bid vir vrede, eenheid en sensitiwiteit vir die inspraak van die Heilige Gees.

*“Met sy vlerke sal Hy jou bedek,*
*onder sy vleuels sal jy skuiling vind.*
*'n Skild en 'n skans is sy trou.”*
Ps 91:4

## BEPLANNINGSNAWEEK

Eersk Vrydagaand en Saterdag (20 en 21 Maart) vergader die Bestuursraad en nog 'n aantal lidmate by die kerk vir stilword en verdere beplanning oor die toekoms.
Bid asseblief ook vir hierdie byeenkoms.




## THAI SONDAGSKOOLREEKS VOLTOOI

Ons dank die Here dat Marina Krynauw se Sondagskoolreeks van 3 boeke voltooi is! Hierdie gratis boeke word reeds versprei in 24 van Thailand se 77 provinsies.
Mag God se seën hierop rus sodat die boeke baie vrug sal dra.

“... ons nie bang hoef te wees vir die perke van ons taal nie. Wanneer ons woorde opdroog, is dit nie ’n teken van geestelike armoede nie, maar dikwels ’n teken van die oorvloed van God. Ons moet toelaat dat ons ervarings soms “onsegbaar” bly. Ons moet toelaat dat die rooi van ’n sonsondergang, die vibrasie van ’n lofsang in ons bors, of die diepe swye van ’n nagtelike gebed ons teologie vorm.

Want in daardie stilte, waar die lyf onthou wat die verstand vergeet het, vind ons die werklike theosis – die vereniging met die Een wat alle begrip te bowe gaan.”

Uittreksel uit “*Wat as my woorde oor God nie meer sê wat hulle moet nie?*" van DJ Muller.

Lees die hele artikel hier: https://kaapkerk.co.za/woorde-oor-god/





# BEDEK ONS SENDELINGE MET 'N GEBEDSKILD

**7-DAG GEBEDSSKILD VIR SENDELINGE**
(www.jwipn.com)

**Maandag: Geestelike beskerming en krag**

• Bid dat God hulle sal beskerm teen versoeking, vrees, verwarring en demoniese aanvalle.
• Vra dat die Here hulle geloof sal versterk , veral wanneer hulle alleen of oorweldig voel.



**Dinsdag: Vrymoedigheid en wysheid om die Evangelie te deel**
• Bid dat God vir hulle die regte woorde op die regte tyd sal gee.
• Vra vir goddelike wysheid om te weet wanneer om te praat, hoe om vertroue te bou en hoe om die Evangelie te deel op maniere wat harte raak en deure oopmaak.

**Woensdag: Voorsiening en fisiese gesondheid**
• Sendelinge leef dikwels met beperkte hulpbronne. Bid dat God in al hulle behoeftes sal voorsien: kos, skuiling, finansies en vervoer.
• Vra vir gesondheid en genesing in hulle liggame en beskerming teen siekte of uitputting.

**Donderdag: Gesinsondersteuning en bemoediging**
• Dit is moeilik om ver van jou tuisland te wees. Jy kan geïsoleerd voel of sukkel met taalhindernisse. Bid vir emosionele krag, goeie vriendskappe en vreugde in hulle omgewing.





**Vrydag: Beskerming teen vervolging**
• Bid vir hulle veiligheid teen dreigemente, geweld of optrede van regerings.
• Vra die Here om elke beproewing tot sy eer te gebruik en om die harte sag te maak van dié wat die Evangelie teëstaan.

**Saterdag: Wysheid vir daaglikse besluite**
• Sendelinge moet dikwels belangrike besluite neem sonder die ondersteuningsisteme wat ons as vanselfsprekend beskou.
• Bid dat God hulle daagliks sal lei. Vra vir onderskeidingsvermoë om strikke, misverstande en moedeloosheid te vermy.

**Sondag: Vrugbaarheid en blywende impak**
• Bid dat die saad wat sendelinge gesaai het, sal groei tot blywende vrug: mense wat tot redding kom, gemeenskappe wat verander en nuwe gemeentes wat ontstaan.
• Vra God om hulle harte te bemoedig deur hulle te laat sien hoe lewens verander, en om hulle werk ver bo hulle verwagtinge te vermeerder.

# DEUROFFERS







Die deuroffers is vanoggend vir die **Paarlskool** in Brackenfell.

Die Paarlskool is 'n skool vir kinders met 'n neurale, fisiese of leergestremdheid. 'n Multi-dissiplinêre spanbenadering word gevolg om die kinders se potensiaal ten volle te ontwikkel.


Die skool het 316 leerders, 59 onderwysers en terapeute en 80 ondersteunende personeel.

## JESUS-IN-AKSIE NUWE INISIATIEF

Op 11 Feb vanjaar het Jesus-in-Aksie begin met `n **Woensdag sopkombuis** by die Lasarusstoor op Brackenfell stasie.

Die mense word voorsien van sop en brood en hulle word ook deur Past Gabriel (prediker en stoormeester) bedien met `n kort boodskap uit die Woord en natuurlik uitgenooi na die erediens op `n Sondag.

BROOD-



NODIG

**Op hierdie stadium het ons genoeg beloftes van sop, maar benodig dringend brood.** Bydraes kan enige dag vd week vanaf 8:00-15:00 by die Lasarusstoor afgelaai word. As jy graag wil bydra en die tye pas jou nie, kontak vir Elmari Roux via whatsapp by 082 8644233 om `n ander reëling te tref.

Hierdie is `n wonderlike deur wat vir ons oopgegaan het – help ons asb om aan die behoefte te voorsien!

Sopkombuis



Pastor Gabriel



Pastor Gabriel by sakkies gevriesde sop

